



Staan op vir die regte van vervolgte gelowiges

Christen-mans word deurgaans valslik daarvan beskuldig dat hulle misdade pleeg óf die meerderheidsgodsdiens beledig. Dié wyse van vervolging ken geen ouderdomsbeperkings nie en gelowiges kan ook burgerskap en toesig oor hul kinders geweier word. Christene kan uit 'n gemeenskap geskop word omdat hulle Jesus volg en ook verbied word om met 'n Christen-sielsgenoot te trou.

Gelukkig rus 'n Geskenk van Hoop vervolgte Christene toe om op te staan en sulke onregmatighede te beveg.

Toe Christene weens hul geloof in Mexiko uit die gemeenskap geskop is, kon Geopende Deure hulle met regshulp bystaan. *“Danksy julle gebede en ondersteuning kon Geopende Deure prokureurs aanstel om vir die regte van hierdie gelowiges te veg,”* sê 'n Geopende Deure-werker in Mexiko.

Skandeer hier.





1 Noord-Korea

Christene word beskou as die gevaarlikste politieke element in Noord-Korea en word weens hul geloof in Jesus aan uiterste vervolging blootgestel. Bid dat God die talle geheime gelowiges in dié land se geloof sal versterk.

2 Somalië

Somaliese gelowiges wat van Islam bekeer, word deur groepe soos Al-Sjabaab as verraaiers en “hoëwaarde”-moordteikens beskou. Bid vir die beskerming van dié gelowiges.

3 Jemen

Jemenitiese Christene staar verbanning en selfs die dood in die gesig weens hul geloof in Christus. Bid dat God voorsiening sal maak vir dié gesinne en diegene wat weens hul Christenskap geïsoleer word.

4 Eritrea

Christene wat nie deel van die drie erkende denominasies is nie, word gemonitor, blootgestel aan klopjagte en tronkstraf in onmenslike toestande opgelê deur die staat. Bid dat God hierdie gelowiges sal versterk en dat hul geloof standvastig sal bly.

5 Libië

Christene in Libië ervaar dikwels geweldige druk van hul gesinne om hul geloof te verloën. Weiering om dit te doen, kan lei tot haweloosheid en werkloosheid. Bid vir hierdie gelowiges vir volharding, voorsiening vir diegene wat werk soek en hulle veilige toevlugsoord.

6 Nigerië

Christene se vervolging is dikwels uiters gewelddadig, terwyl Islamitiese militante en gewapende rowers hulle met toenemende wetteloosheid aanval. Bid dat almal wat deur die geweld geraak word van hul wonde en trauma sal genees.

7 Pakistan

Daar heers h stille epidemie van ontvoerings, gedwonge huwelike en die gedwonge verloëning van Christenmeisies en -vroue se geloof om hele Christengemeenskappe te vervolg. Bid vir die genesing van trauma vir dié vroue wat ontvoerings verduur het.

8 Iran

Christen-huisgroepe bestaande uit Moslem-bekeerlinge word dikwels aan klopjagte blootgestel. Tydens dié aanvalle word leiers en groeplede vir “misdade teen nasionale veiligheid” gearrester. Bid dat die president die regte van Iran se godsdienstige minderhede sal respekteer.

9 Afganistan

Dit is steeds onmoontlik om openlik in Afganistan as h Christen te funksioneer, en sedert die Taliban se oornam in 2021 het vervolging toegeneem. Bid vir die veiligheid van Christenbekeerlinge wat gewelddadige gevolge in die gesig kan staar indien hulle as gelowiges geïdentifiseer word.

10 Soedan

Christene is kwesbaar vir uiterste vervolging in hul openbare- en privaatlewens, veral as hulle vanaf Islam tot bekering gekom het.

(Soedan vervolg)

Bid vir beskerming, bemoediging en moed vir Christene wat vanaf Islam tot bekering gekom het.

11 Indië

Die vervolging van Christene neem steeds toe terwyl Hindoe-ekstremiste probeer om die land van hulle teenwoordigheid en invloed te "reinig". Bid dat vervolgte Christene bemagtig sal word om sterk te staan.



12 Sirië

Christene in Sirië en veral kerkleiers worstel steeds met daaglikse vervolging, ten spyte van die sogenaamde Islamitiese Staat se openbare bedreiging wat grootliks afgeskaal is. Bid vir vrede in die land, asook die beskerming van Christene en veral kerkleiers.

13 Saoedi-Arabië

Christene word gedwing om hul geloof in die geheim te beoefen. Vroulike Christen-bekeerlinge loop die gevaar om slagoffers van fisieke geweld te word, terwyl mans openbare vernedering, aanranding of tronkstraf in die gesig kan staar. Bid dat geheime gelowiges in Saoedi-Arabië van God se nabyheid en getrouheid bewus sal wees.

14 Mianmar

Bekeerlinge in Mianmar word steeds deur hul Boeddhistiese, Moslem- of stamfamilies en gemeenskappe vervolgt. Bid vir die voorsiening van alle fisiese en geestelike behoeftes vir hierdie nuwe gelowiges en dat hulle geloof versterk sal word.

15 Maledive

Gelowiges in die Maledive word gedwing om hul geloof geheim te hou. Indien hul Christenskap ontdek word, kan hulle aan Moslem-leiers of die owerhede uitgelewer word. Bid dat God gelowiges sal onderhou wat in afsondering en geheimhouding leef.

16 China

Kerkbywoning word streng gemonitor en talle kerke word gesluit. Christenleiers word oor die algemeen deur die regering dopgehou en sommige word selfs ontvoer. Bid dat Christene in China se geloof ondanks dié situasie sal floreer en vir die veilige terugkeer van ontvoerde leiers.

17 Mali

Gewelddadige ekstremitiese aanvalle duur onverpoosd voort in Mali en Christelike sendelinge leef in konstante vrees vir ontvoering. Bid vir stabiliteit in Mali en dat God se vrede in dié land sal heers. Bid dat God interne ontwortelde gelowiges sal vertrou en aan hulle sal voorsien.

18 Irak

Die onverdraagsaamheid en vervolging deur meestal militante Islamitiese groepe en nie-Christelike leiers raak baie Irakse Christene. Bid dat die regering Christene en ander godsdienstige minderhede se regte sal beskerm.

19 Algerië

Christene in dié land is kwesbaar vir vervolging indien hulle van godslastering en bekeringsywer aangekla word. Intussen gaan die owerhede voort om kerke stelselmatig te sluit. Bid dat wetgewing wat godsdiensvryheid beperk, herroep sal word en vir die heropening van geslote kerke.

20 Mauritië

Dit is onwettig om van Islam te bekeer en enige afwyking van dié geloof word nasionaal sterk teengestaan. Bid vir geheime gelowiges vir moed terwyl hulle probeer om God te aanbid en mekaar op hul geloofspad te ondersteun.

21 Oesbekistan

Gelowiges ervaar toenemende druk van hul gesinne wanneer hulle tot bekering kom en kan aangerand of uit hul gemeenskappe verwerp word. Bid vir God se beskerming en voorsiening vir Christene wat hul werk verloor of uit hul gemeenskappe verban word.

22 Colombië

Kerkleiers wat korrupsie aan die kaak stel, menseregte verdedig en die bendes teenstaan, word deur guerrillagroepeteiken. Hulle loop ook die gevaar om vermoor te word. Bid vir die beskerming van pastore en dat hul geloof standvastig sal bly.

23 Burkina Faso

Gelowiges wat vanaf Islam bekeer, staar verwerping deur hul familieledede en gemeenskappe in die gesig en word voortdurend gedwing om hul geloof te verloën. Bid dat vervolgte gelowiges se lewens deur die Here se teenwoordigheid versterk sal word.

24 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Onrus heers sedert 2013 in die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR). Christenleiers wat die geweld in die openbaar veroordeel het, ervaar vervolging. Bid vir blywende vrede en stabiliteit in die SAR. Bid vir leiding terwyl gelowiges hul Christelike getuies uitleef en veral vir pastore en hul gesinne.

25 Viëtnam

Die meeste Christene behoort aan Viëtnam se etniese gemeenskappe en staar dus sosiale uitsluiting, diskriminasie en aanranding in die gesig. Bid dat hulle die teenwoordigheid, vrede en liefde van God sal ervaar.

26 Turkmenistan

Die regering beperk godsdiensvryheid op groot skaal en kerke word gemonitor. Vra God om die harte van die owerhede te versag, sodat Christene die vryheid sal hê om te aanbid en die Evangelie te verkondig.

27 Kuba

Kerkleiers of Christelike aktiviste wat die regime kritiseer, staar arrestasie, tronkstraf en die sluiting van hul kerke of ondernemings in die gesig. Bid vir veerkragtigheid en wysheid vir Christene en kerkleiers.

28 Niger

Niger het in 2022 weer die top 50 van die Wêreldwaarnemingslys gehaal. Dié syfer weerspieël hoe die vervolging van Christene in hierdie land aanhou styg. Vra God om getraumatiseerde gelowiges wat gewelddadig weens hul geloof aangeval is, te genees.



29 Marokko

Beide Marokkaanse en buitelandse Christene wat met ander oor hul geloof praat, loop die gevaar van arrestasie en kriminele vervolging. Bid vir geïsoleerde gelowiges in Marokko wat hul geloof alleen moet uitleef. Hulle kan huisarres, fisiese aanvalle, en tronkstraf in die gesig staar.

30 Bangladesj

Christene wat uit h Moslem-, Hindoe-, Boeddhistiese of stamagtergrond tot bekering gekom het, word aan baie ernstige vervolging blootgestel. Bid dat gelowiges in Bangladesj maniere sal vind om bymekaar te kom vir aanbidding en dat hulle krag in die Here sal vind.

31 Laos

Bekeerlinge in Laos word skuldig bevind daaraan dat hulle die Boeddhistiese tradisies van hul gemeenskappe verraai het. Hulle ervaar dikwels druk en geweld vanaf hul gesinne en plaaslike owerhede. Bid dat hulle die krag sal hê om in hul geloof te volhard.

32 Mosambiek

Islamitiese militante het talle gelowiges in Mosambiek doodgemaak. Christene wat daarin kan slaag om van die geweld te ontsnap, verloor dikwels hul lewensbestaan en al hul besittings. Bid vir die genesing van gesinne wat hul geliefdes verloor het en die herstel van hul lewensbestaan.

33 Indonesië

Kerke en Christene wat betrokke is by Evangelisasie, loop veral die gevaar van vervolging. Bid dat Christene en kerkeleiers

wysheid en vrymoedigheid sal ontvang, terwyl hulle Jesus in h samelewing met h Moslem-meerderheid volg.

34 Katar

Die meerderheid van Katar se Christene is trekarbeiders wat vry is om te aanbid, maar nie die Evangelie met Katar-gemeenskappe kan deel nie. Bid dat migrerende Christene ondanks die grootskaalse beperkings geleenthede sal kry om toegang tot die Evangelie te verkry en dit met ander te deel.

35 Egipte

Kerke in Egipte ervaar weens staatsbeperkings of gemeenskaplike vyandigheid probleme wanneer hulle probeer om nuwe geboue op te rig. Bid vir gelowiges, kerke en Christelike instansies vir beskerming. Bid dat gelowiges versterk en bemoedig sal word om standvastig te bly.

36 Tunisië

Gelowiges ervaar groot druk op elke terrein van die samelewing. Dit is veral van toepassing op gelowiges wat vanaf Islam tot bekering kom, aangesien dit verbied is. Bid dat bekeerlinge beskerm sal word en dat God die harte van die owerhede sal versag.

37 Demokratiese Republiek van die Kongo

Vervolging in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) neem meestal die vorm van gewelddadige aanvalle aan. Christenleiers wat hier teen korrupsie pleit, staar teistering en regeringsinmenging in die gesig. Bid dat Christenleiers moed, wysheid en deernis sal hê terwyl hulle bedien.

Bemagtig vroue om tydens vervolging standvastig te bly

Christenvroue en -meisies word met vervolging as seksuele voorwerpe en bronne van skaamte geteiken. Hulle word onderwerp aan seksuele geweld, gedwonge huwelike en mensehandel. Dié vroue, afkomstig vanaf uiteenlopende globale streke, word dikwels gebruik om Christelike gesinne en gemeenskappe te straf. Deur dié geskenk van hoop word vroue en meisies gehelp om standvastig te bly in hul geloof en ook toegerus om vervolging te weerstaan.

Skandeer hier.



“My droom is om te sien dat alle vroue, veral vroue in die vervolgte Kerk, goed gewortel is in hul geloof en met hoop en waardigheid leef,” sê Humaira, leier van Geopende Deure se Vrouebediening in Asië.*



38 Mexiko

Christene word beskou as mense wat gekant is teen kriminele aktiwiteite en geweld, en dit plaas hulle voortdurend in gevaar. Bid vir Christene wat moeilike keuses moet maak wanneer hulle met georganiseerde geweld gekonfronteer word.

39 Ethiopië

Bekeerlinge vanaf Islam en diegene wat by die Ethiopiese Ortodokse Kerk (EOK) aansluit, is beide onderhewig aan hul gesinne en gemeenskappe se mishandeling. Bid vir krag vir Christene wat gedwing word om hul geloof te verwerp.

40 Bhoetan

Plaaslike owerhede weier dikwels om h "nie-beswaarsertifikaat" vir Christene uit te reik. Dié dokument word benodig vir dinge soos die registrasie van eiendom en aansoeke vir werk. Bid vir voorsiening, leiding en onderskeidingsvermoë vir gelowiges in Bhoetan.

41 Turkye

Christene in Turkye ervaar groot druk van toenemende godsdienstige nasionalisme. Die regering teiken alle Christene en selfs buitelandse gelowiges. Bid dat die regering sal erken dat Christene h waardevolle deel van die land uitmaak.

42 Comore

Gelowiges word gedwing om as geheime gelowiges te leef. Hulle loop die gevaar van strafregtelike vervolging en selfs die dood vir die beoefening of bekendmaking van hul Christenskap. Bid dat hulle as volgelinge van Christus deur die Heilige Gees gelei sal word.

43 Maleisië

Bekeerlinge ervaar ernstige druk van hul gesinne en gemeenskappe om na Islam terug

te draai – met afvalligheid wat wetlik met die dood strafbaar is. Vra God om vrede en beskerming te gee aan diegene wat verkies om vanaf Islam te bekeer.

44 Tadjikistan

Die owerhede in Tadjikistan plaas aansienlike druk op Christene deur die godsdienswette te verskerp en die reeds bestaande wetgewing streng toe te pas. Bid dat die Heilige Gees die harte van Tadjikistan-leiers sal versag en dat gelowiges maniere sal vind vir samesyn.

45 Kameroen

Boko Haram is in die noorde van Kameroen steeds h gewelddadige teenwoordigheid wat Christene aanval, vermoor en ontvoer. Bid dat gelowiges standvastig sal bly in die Here se beloftes en dat die regering kwesbare gemeenskappe sal beskerm.

46 Broenei

Terwyl tradisionele Christelike gemeenskappe relatief vrylik kan aanbid, word alle kerklike aktiwiteite gemonitor en kerkleiers word teen uitreiking gewaarsku. Bid vir leraars vir wysheid en versterking om hul gemeentes te kan bedien.

47 Oman

Oman se Christengemeenskappe ervaar beperkings en word gemonitor in h land waar bekering as onwettig beskou word. Bid dat alle gelowiges toegang tot dissipelskap sal hê en maniere sal vind om mekaar te bedien, om in hul geloof bemoedig te bly.

48 Kasakstan

Toesig, klopjagte tydens byeenkomste, boetes en arrestasies is deel van die Christelike lewe. Owerhede gebruik die bedreiging van Islamitiese ekstremisme om hul beheer oor godsdiensvryheid te verskerp. Bid dat ons vervolgte familie sterk sal bly.

49 Jordanië

Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond wat waag om hul geloof in die openbaar te verklaar, kan aanranding, tronkstraf en selfs die dood in die gesig staar. Bid vir bemoediging en uithouvermoë vir hierdie gelowiges in Jordanië.

50 Nicaragua

Daar is h gebrek aan vryheid in Nicaragua, met die vervolging van gelowiges wat die afgelope jaar drasties toegeneem het. Bid dat die Here gelowiges sal versterk en dat hulle ondanks die gebrek aan vryheid in die land sal aanbly om h lig vir Christus te wees.

51 Kenia

Die Christendom is die meerderheidsgodsdienst in Kenia, maar Christene in dié land ervaar steeds vervolging veral Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond. Bid vir die Here se hand van beskerming en voorsiening vir hierdie gelowiges.

52 Koeweit

In Koeweit word bekering vanaf Islam na h ander geloof nie amptelik erken nie. Bid vir die beskerming van Christene en dat geheime gelowiges geleenthede sal kry om veilig met anders te vergader.

53 Tanzanië

Tanzanië se bevolking is een derde Moslems. Bid dat God die Kerk kragtig sal gebruik en dit h lig in die duisternis sal maak.

54 Verenigde Arabiese Emirate

Gelowiges in die Emirate word volgens wetgewing verbied om geregistreerde kerke van uitgewekenes wat in die land woon, by te woon. Bid dat die gelowiges kan

bymekaarkom om te groei in hul geloof en kerklike samesyn te ervaar.

55 Nepal

Die meeste Christelike vervolging word deur radikale Hindoe-groepe ingestel, wat hulself daarvoor beywer dat dié land na Hindoeïsme moet terugkeer. Bid vir gelowiges wat weens hul keuse om Christus te volg deur hul Hindoe-families verwerp is.

56 Djiboeti

In Djiboeti waarborg die grondwet godsdiensvryheid, maar met Islam as staatsgodsdienst word Christene nie deur die regering beskerm nie. Bid dat die Here in die harte van die owerhede sal werk om godsdiensvryheid toe te laat.

57 Palestynse Gebiede

Talle Palestyne, insluitende Palestynse Christene, verloor hoop weens die politieke en ekonomiese situasie in dié land. Bid dat kerke steeds die plekke sal wees waar mense hoop vind.

58 Azerbeidjan

Alhoewel Azerbeidjan veronderstel is om verdraagsaam teenoor godsdiens te wees, monitor die regering die aktiwiteite van godsdiensgroepe. Bid dat Christene ondanks hierdie die moed sal hê om die Evangelie met hul gemeenskappe te deel.

59 Kirgistan

Daar is toenemende vervolging van Christen-bekeerlinge en bekering vanaf Islam word hier beskou as teenstrydig met die land se kultuur en lei tot onderdrukking. Bid dat Christene hul geloof ondanks hierdie probleme met vrymoedigheid sal uitleef.

*Naam is vir sekuriteitsredes verander.



Help gelowiges om van vervolgingstrauma te genees

Vervolgde gelowiges wat aan lewensveranderende ervarings blootgestel word, ly aan trauma. Dié mense word soms gedwing om emosionele pyn te onderdruk en vind dit moeilik om sin te maak uit die lyding wat hulle ervaar. Aspekte soos die verlies van geliefdes, huise en menswaardigheid maak traumasorg en ondersteuning noodsaaklik.

Herstel en genesing vind plaas wanneer gelowiges toegang tot trauma-ondersteuning en berading kry. Tirham*, h Geopende Deure-traumasorgwerker, het die volgende gedeel oor die genesing wat by traumaslypskole plaasvind:

“Die manier waarop traumagenesing werk, is h wonderwerk. Dit is soos om h las van hul harte af te laai. Jy kan dit in hul gesigte sien. Hulle begin glimlag en lag, en jy weet hulle sal goed kan slaap.”

Skandeer hier.



APRIL

1 Geheime gelowiges

Bid vir die verspreide groepies geheime gelowiges in Moslemlande. Bid dat hulle hul geloofsfamilie sal onthou terwyl hulle biddend en hoopvol in die Here bly. Bid dat hulle met hul lewenswyse h getuie van God se genade en liefde sal wees.

2 Palmsondag

Terwyl sommige Christene Jesus se aankoms in Jerusalem herdenk, waar menigtes met palmtakke gewuif het, laat ons nadink oor Sy lewe, dood en opstanding. Bid dat vervolgte gelowiges bemoedig sal word deur die opoffering wat Jesus vir ons en hulle gemaak het.

3 Kerkleiers wêreldwyd

Bid vir veerkragtigheid en krag vir kerkleiers wêreldwyd terwyl hulle die weg aanwys vir God se mense onder verskeie toestande, insluitende vervolging. Bid vir wysheid en onderskeidingsvermoë terwyl hulle hul gemeentes deur die lief en leed van die lewe lei.

4 Vervolgte mans wêreldwyd

Die vervolging van Christenmans en -seuns is daarop gemik om hulle as beskermers uit die samelewing te verwyder – h handeling wat gesinne en gemeenskappe kwesbaar laat. Bid dat God mans sal beskerm en toerus met wysheid sodat hulle die weerloses onder hulle kan beskerm.

5 Vervolgte vroue wêreldwyd

Christenvroue word geteiken om die breër Christelike gemeenskap te straf of skade te berokken. As Christene en vroue word hulle as minderwaardig geag. Bid dat hulle as opvoeders van die toekomstige geslag

hul waarde in God sal besef en deur Hom beskerm sal word.

6 Vervolgte kinders wêreldwyd

Vervolgers gebruik die onderwys as sleutelinstrument om Christenkinders se volwasse identiteit en toekoms negatief te beïnvloed. Bid vir geneesing vir kinders wat vervolging weens hul geloof en hul ouers se geloof moet verduur.

7 Goeie Vrydag

Vandag herdenk ons die kruisiging van Jesus Christus. Prys God dat Hy Sy seun gegee het om vir ons sondes te sterf. Bid en dink aan diegene in ons geloofsfamilie wat ook hul kruis vir Christus moet opneem, terwyl hulle ter wille van Sy naam vervolging verduur.

8 Gelowiges wêreldwyd

Bid dat gelowiges wêreldwyd standvastig sal bly in hul geloof. Bid dat ons uitdagings in geloof en gehoorsaamheid aan God sal aanpak, met die wete dat ons Sy beloftes kan vertrou. Mag ons nie in ons geloof twyfel deur uitdagings wat ons dié jaar in die gesig mag staar nie.

9 Paassondag

Prys God vir die lewe wat Jesus is en die ewige lewe waarmee ons geseën is deur Sy dood en opstanding! Bid vir vervolgte gelowiges wat geduldig wag vir die dag dat hulle met Christus herenig en bevry sal wees van die vervolging wat hulle daagliks moet verduur.

10 Gesinsdag

Talle van ons vervolgte broers en susters is deur hul families verstoot of het geliefdes weens hul geloof aan die dood afgestaan. Bid dat hulle, as gelowiges van een Liggaam, daaraan herinner sal word dat hulle h familie in Christus het wat vir hulle bid en lief is.

11 Ontwortelde gelowiges

Bid vir gelowiges wat weens oorlog en vervolging uit hul huise moes vlug en hul lewensbestaan en alles wat hulle ken, moes agterlaat. Bid dat God aan hulle sal voorsien, sal herstel wat hulle verloor het en hulle sal seën terwyl hulle nuwe lewens probeer opbou.

12 Christenskap in skole

Baie skole wêreldwyd verbied Christenskap. Bid dat Christelike onderwysers en kinders hul geloof met vrymoedigheid sal uitleef, nie skaam sal wees vir die Evangelie nie en dat talle van hul maats hierdeur die liefde van God sal leer ken.

13 Regerings van vervolgte lande

Bid dat die Heilige Gees die harte van die owerhede sal verander in lande waar Christene deur hul gesinne, gemeenskappe en regerings vervolgt word. Bid dat hulle genade sal betoon teenoor Christene en ander godsdienstige minderhede.

14 Kommunikasiekanale

Bid vir meer maniere om oor die vervolging van Christene te praat sodat 'n groter bewustheid oor hul omstandighede geskep kan word. Bid vir moed en beskerming vir diegene wat bewustheid oor die realiteit van Christelike vervolging skep.

15 Natuurrampe wêreldwyd

Bid vir die voorsiening en herstel van 'n lewensbestaan vir talle vervolgte gelowiges wat die afgelope jaar deur natuurrampe geraak is. Bid veral vir diegene wat weens hul geloof noodleniging deur die owerhede geweier is.

16 Plekke van aanbidding

Afgesien van kerkbyeenkomste, moet talle vervolgte gelowiges kreatief wees met waar

hulle bymekaarkom om God te aanbid. Vra God se beskerming oor die plekke van aanbidding. Bid vir moed en wysheid vir diegene wat toesig hou oor hierdie plekke van aanbidding.

17 Oorloggeteisterde lande

Bid dat God in die harte van leiers van oorloggeteisterde lande sal werk en dat Hy hulle met wysheid en middele sal voorsien om vrede in hul lande te herstel. Bid vir krag vir Christene wat in oorloë vasgevang is.

18 Vervolgers van gelowiges

Bid dat die Here vervolgers se mure van haat sal afbreek en dié wat gelowiges vervolgt se harte sal verander. Bid dat wonderwerke in hul lewens sal plaasvind en dat talle van hulle tot bekering sal kom.

19 Traumasorg-werkers

Bid vir ons traumasorg-werkers wat dikwels aan tweedehandse trauma blootgestel word. Bid dat namate hulle die traumatiese ervarings van vervolgte gelowiges aanhoor, God hulle harte sal versterk terwyl hulle gelowiges help om die pyn en lyding te verwerk.

20 Sentrums van Hoop

Prys die Here vir kerke en gemeenskapsentrums wat as Sentrums van Hoop in die Midde-Ooste funksioneer. Bid dat vervolgte gelowiges bemoedig sal word om getrou te bly terwyl hulle ondersteuning en opleiding by hierdie sentrums ontvang.

21 Nuwe gelowiges

Bid vir nuwe gelowiges wat vervolging moet verduur terwyl hulle nog in hul geloof groei. Bid dat God hulle sal omring met Christelike mense, wat hulle sal help om te groei en vervolging te verduur.

22 Geopende Deure-bediening

Bid vir Geopende Deure terwyl ons voortgaan om bewusmaking te kweek en gebed en ondersteuning vir ons vervolgte familie aan te moedig. Bid dat ons in die diens van hulle en tot eer van God getrou sal bly aan die Heilige Gees se leiding.

23 Geopende Deure-leierskap

Vra God om die leierskapspan van volgehoue wysheid te voorsien, terwyl hulle saamwerk om hul spanne op hul onderskeie terreine te lei. Bid dat hulle die redes sal onthou waarom hulle geroep is om die vervolgte Kerk te dien.

24 Geopende Deure-vennote

Bid dat julle as Geopende Deure-vennote bemoedig sal word wanneer julle verandering in die lewens van ons vervolgte familie teweegbring deur voorspraak, gebed en skenkings. Bid dat God elkeen van julle tienvoudig sal seën, terwyl julle vervolgte gelowiges met julle ondersteuning seën.

25 Geopende Deure se plaaslike vennote

Bid vir ons talle plaaslike vennote wat in lande werk waar dit die gevaarlikste is om Jesus te volg. Bid vir beskerming en voorsiening vir hulle en hul gesinne om God se opdrag uit te voer om te “versterk wat oorbly en op die punt staan om te sterf” (Openbaring 3:2).

26 Gebedsbediening

Mag God julle, wat verenig in gebed staan

vir ons vervolgte familie, seën. Bid dat elkeen van julle versterk en bemoedig sal word om as gebedsvegters te volhard, terwyl julle vir vervolgte gelowiges, ons bediening en mekaar bid.

27 Vryheidsdag

Terwyl ons vandag ons vryheid as Suid-Afrikaners vier en herdenk, laat ons die gelowiges onthou wat weens hul geloof gevange geneem is, ontvoer is of tronkstraf uitdien. Bid dat God aan hulle vrede sal gee en dat hulle die ware vryheid wat hulle in Christus het, sal onthou.

28 Reisbediening

Bid vir ons vennote wat na lande reis waar die vervolging van Christene voortduur. Bid dat hulle in hul geloof bemoedig sal word terwyl hulle ons vervolgte familie ontmoet en versterk. Bid beskerming vir hulle wanneer hulle hierdie lande besoek.

29 Geopende Deure-vrywilligers

Bid vir gelowiges wat tyd afstaan vir bewusmaking oor ons vervolgte familie. Bid dat die Heilige Gees hulle gedagtes en woorde sal lei wanneer hulle gehore toespreek.

30 Korrespondensie-bediening

Bid vir gelowiges wat tyd daaraan afstaan om woorde van bemoediging vir ons vervolgte familie te skryf. Bid dat hulle in die Woord van die Here geanker sal wees wanneer hulle aan vervolgte gesinne skryf.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en naam is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.



Geopende Deure

Vervolg  Maar nooit alleen.